# BOEKRESENSIES

G.P. van Itterzon, Johannes Bogerman, Ton Bolland, Amsterdam 1980, 141pp.
Prys nie vermeld.*

Hierdie werk is die tweede in die reeks "Klassieken van het Gereformeerd Protestantisme". Die outeur is die emeritus hoogleraar van die Rijksuniversiteit te Utrecht wat in 1930 gepromoveer het met 'n proefskrif oor Franciscus Gomarus en die geskiedenis van hierdie veelbewoë tydvak dus goed beheers.

Johannes Bogerman is in 1576 in Uplewert (Duits-Oos-Friesland) gebore waar sy vader predikant was. Vanaf 1580 tot 1592 het Johannes sr. die gemeente Bolsward bedien en Johannes jr. het sy skoolopleiding daar ontvang. In 1592 het hy te Franeker sy teologiese studies begin danksy 'n beurs van die State van Friesland. Later het hy ook universiteite in Duitsland, Switserland, Frankryk en Engeland besoek.

In 1599 is Bogerman as predikant te Sneek bevestig waar sy bediening gekenmerk is deur heelwat konflik met die Doopgesindes. In Januarie 1603 is hy na Enkhuizen maar aan die einde van die jaar reeds na Leeuwarden beroep en eers na tussenkoms van die owerheid toegelaat om daarheen te gaan.

In dié tyd is die kerk in beroering gebring deur die geskil rondom die beskouinge van die Arminiane. Die grootste deel van die boek, bl. 19-109, handel oor hierdie saak veral omdat Bogerman intens daarmee gemoeid was en 'n groot rol daarin gespeel het. Reeds by die vergadering op 22 Mei 1607 wat voorbereidings moes tref vir 'n algemene sinode, was hy teenwoordig as afgevaardigde van die State van Friesland. In die daaropvolgende jare het hy deur gesprekke en briefwisseling met die leidende figure in die geskil, 'n aandeel in die gebeure gehad.

In 1614 is Bogerman as hoogleraar benoem in Franeker, maar die kerk het gevoel dat hy nie sonder hierdie man wat in 1602 as skriba van die provinsiale sinode in Friesland gekies is en in 1605, 1610 en 1615 as voorsitter kon klaarkom nie en die magistraat en kerkraad wou hom nie verlof gee om die benoeming te aanvaar nie. Hy het voortgegaan om die gemeente in Leeuwarden te bedien.

Toe die Nasionale sinode in November 1618 te Dordrecht byeengekom het, is Bogerman as voorsitter gekies. Dit was 'n goeie keuse want hy het die ondervinding gehad en was bekwaam om aan die sinode wat voor groot uitdagings gestel sou word, die regte leiding te gee.

Dit is algemeen bekend dat hy met "bulderende stem" uiteindelik die Remonstrante weggestuur het maar uit die goeie beskrywing van die lang en uitgerekte diskussies kan ons goed begryp dat die sinode moeg geword het vir die vertragingstaktiek van die Remonstrante. Inderdaad het Bogerman bloot net die gevoel van die sinode vertolk deur die Remonstrante uit te stuur, al is daar kritiek uitgespreek op sy "onmatige toorn" en "grote hevigheid" waarmee dit geskied het.

Die moeisame opstel van die leerreëls, Bogerman se gebed wat 'n halfuur lank geduur het by die sluiting van die sinode op 6 Mei 1619, asook die sg. post-acta word breedvoerig geskets. Na die sinodesitting was Bogerman as voorsitter ook nog verder gemoeid by die probleme wat die ontslag van die Remonstrantse predikante veroorsaak het.

Hy het ook 'n groot rol gespeel as een van die drie vertalers van die Ou Testament vir die sg. Statevertaling. Vanaf 1625 het al die vertalers in Leiden gaan woon om sodoende maklik met mekaar te kon kommunikeer en by die biblioteek te wees. Teen die einde van 1632 was die hele Ou Testament vertaal en het hulle dit met die hersieners deurgewerk. Ten slotte het Bogerman in Leiden aangebly om toe te sien dat dit gedruk word.

In Augustus 1633 is hy tot hoogleraar te Franeker benoem en hierdie keer het hy wel die nodige toestemming van die instansies in Leeuwarden gekry. Nadat hy herhaaldelik by die Kuratore uitstel moes vra omdat die druk van die Bybel telkens vertraag is, het hy eers in Desember 1636 die professoraat aanvaar. Dit is hom nie lank gegun om daar te arbei nie, want sy geknakte gesondheid het heeltemal ingegee en op 11 September 1637 is hy oorlede, slegs ses dae voordat die eerste eksemplaar van die Statevertaling amptelik oorhandig is.

Die werk van Van Itterzon is 'n egte monografie en handel soms te streng net oor Bogerman en mens sou wou sien dat die begeleidende omstandighede meer breedvoerig beskrywe word. Die outeur veronderstel ook op enkele plekke 'n detailkennis by die leser wat die lees van die werk bemoeilik vir sy lesers wat nie almal sulke kundiges is oor die bepaalde tydvak nie.

Daar is geen voetnotas in die boek nie en trouens ook geen verwysings na verdere literatuur nie behalwe na twee kort artikels in ensiklopedieë en na die bibliografie van J.J. Kalma wat in 1977 verskyn het en 310 titels bevat. Op die buiteblad is 'n afbeelding afgedruk wat Bogerman toon met sy baard wat tot sy middellyf gereik het.

Oor die geheel gesien is dit 'n goeie boek wat deur 'n deskundige geskrywe is en hartlik aanbeveel word.

C.F.A.B.

---oOo---

J. du Preez, Gebed. 'n Teologiese besinning, Stellenbosse Teologiese Studies no. 5, Maart 1980 Stellenbosch, pp. 48. Prys nie vermeld.

Reeds in 1974 het dr. du Preez in die Journal of Theology for Southern Africa 'n artikel oor gebed gehad. Dié artikel het hy intussen uitgebrei en bygewerk en die resultaat is in hierdie reeks van die Stellenbosse studies afgedruk. Hy begin deur sy spyt uit te spreek dat in verskillende dogmatieke daar nie 'n sistematiese uiteensetting van die gebed gegee word nie. Daarmee kan ons alleen met hom saamstem. Tog is ons bly dat hy juis soveel dogmatieke geraadpleeg het om hierdie waarlik voortreflike studie saam te stel. Omdat hy Bybels-teologies te werk gaan, bied hy nie net belangrike dogmatiese stellinge oor die gebed nie, maar ook eksegetiese materiaal ten opsigte van verskillende sleuteltekste. Gebed is 'n trinitariese geheimenis en vandaar uit werp hy ook lig op die Gees en gebed en Jesus se gebed. Metodologies sou dié stof miskien selfs eerste geplaas kon gewees het. Die skrywer begin by die feit dat God die aanspreekbare God is, en dat die mens as beeld van God, daarom as antwoorder gesien moet word. Binne die verbond sien hy die gebed primêr as vra waardeur Gods lof uiteraard vanself verkondig word. Wat hy later as verbondsgehoorsaamheid behandel, kon seker goedskiks ook hier geplaas gewees het. Dan vestig hy die aandag op die gebed in die lewe van die gelowige as middel tot heiliging en volharding en sluit af met die plek van die gebed in die koninkryk en die betekenis van die gebed om die koninkryk. In 48 bladsye word ryk en diep gedagtes op 'n eenvoudige en duidelike wyse weergegee sodat dit vir almal - ook die meelewende lidmaat - van groot betekenis

kan wees. Ons wil ons kollega gelukwens met 'n mooi stukkie werk, en 'n goeie bydrae oor die belangrike tema - vir ons geloofslewe én vir die dogmatiek!

J.A.H.

---oOo---

J. Douma, Verantwoord Handelen, Amsterdam 1980, 151 pp. Prys nie vermeld.*

Hierdie inleiding in die Christelike etiek vorm die sewende deeltjie in die hier by ons goed bekende reeks Ethisch Kommentaar van Douma en W.H. Velema. In sy woord vooraf sê die skrywer dat wat hy hier aanbied 'n omwerking en aanvulling is van sy gestensilde diktaat wat hy sedert 1975 reeds vir sy studente gebruik. Enkele sake is hierin weggelaat wat in sy diktaat wel voorkom, en ander temas is hier breër uitgewerk. 'n Dertiental sake word aangesny o.a. enkele onderskeidinge en omskrywinge, die Skrifgebruik in die etiek, die tien gebooie, die liefde, die gewete, die kompromie, ens. Inhoudelik kan in beginsel met die meeste van die standpunte van Douma saamgestem word. Hy verteenwoordig 'n verblydende, konserwatief - Bybels gefundeerde denke oor etiese aangeleenthede. Iets wat nie so maklik deesdae gesê kan word nie. Miskien is sy definisie van etiek iets waaroor die meeste gesê en verskil kan word. Etiek is vir hom die besinning op die verantwoordelike handelinge van die mens teenoor God en sy naaste. Ek sou wou vra: is 'n mens se handelinge teenoor God primêr eties of is dit primêr religieus? Is alle verantwoorde handelinge teenoor die naaste eties, of is daar ook juridiese, estetiese, historiese dimensies in die handelinge teenoor die naaste? Na my mening is nie alle verantwoorde handelinge etiese handelinge nie. Meer nog: word die naaste hier uitgesluit, m.a.w. is daar nie plek vir individuele etiek nie? En tog gee hy elders aan wat alles onder "personele" etiek behandel kan word: deug, gewete, liefde, Sondagsheiliging, eerbied vir die lewe, ens. Sy definisie maak egter nie plek vir hierdie belangrike aspek van die etiek nie. Die interessante is dat Douma later ook toegee dat nie alle verantwoorde handelinge etiese handelinge is nie. Dit alles laat my tog voel dat sy definisie van etiek hersiening nodig het.

Mens sou vervolgens ook kon vra of daar net 'n Christelike etiek bestaan en of mens nie ook van 'n teologiese, wysgerige en vakwetenskaplike etiek sou kon praat, wat aldrie op Skrifgronde gebou is nie? My kritiese opmerkinge is duidelik slegs formeel van aard, terwyl ek van mening is dat Douma hier 'n handige inleiding aanbied wat met groot vrug deur studente gebruik kan word.

J.A.H.

---oOo---

J. van Bruggen, Het Amen der Kerk, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam 1980, 199 pp. Prys nie vermeld. *

Daar bestaan ook in die huidige tyd steeds 'n neiging om die woorde van die belydenis in die lewe van die kerk te onderwaardeer. Daarom is 'n verdere herdruk - alreeds die sewende - van J. van Bruggen se "Het Amen der Kerk" te verwelkom. Hierdie boek is 'n kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis. In 'n verantwoording wat aan die boek vooraf gaan, word die doel daarvan beskryf as 'n poging om te dien "tot een vaster en bewuster instemming met het Amen, waarmee de kerk in haar confessie het Woord des Heeren aangenomen en in de strijd der geesten ook gehandhaafd heeft".

Die boek begin met 'n inleiding waarvan die eerste hoofstuk gewy is aan die aard, gesag en doel van belydenisskrifte in die algemeen. In die tweede hoofstuk word die historiese agtergrond sowel as die karakter van die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf. Daarna volg 'n artikelsgewyse toeligting van hierdie konfessionele geskrif. By elke artikel word kortliks gegewens uit die Dogmageskiedenis en die Gereformeerde Dogmatiek verskaf ten einde die betekenis van die betrokke artikel te verduidelik.

Die outeur pas algaande sy uitleg van die Nederlandse Geloofsbelydenis ook toe op allerlei teologiese kontroverse van sy dag. Hieruit blyk dat die historiese oorsprongsoord van hierdie kommentaar die dertiger tot vyftiger van die huidige eeu is. Hierdie tydperk verteenwoordig 'n fase in die Nederlandse

Gereformeerde denke waarin dit vry algemeen nodig gevind was om sterk antitetiese standpunte teen, onder andere, die Barthianisme en die Rooms Katolisisme te formuleer. Dit is denkbaar dat in 'n dergelike sterk polemies bepaalde situasie standpunte gestel word wat vanuit 'n latere situasie tog as enigermate eensydig ervaar word. So 'n ongekwalifiseerde vereenselwiging van "Schriftkritiek" en "Barthianisme" as wat toe moontlik was (vgl. bl. 27) sou tans vanuit 'n rustiger evaluering van die voorhande gegewens seker nie meer gemaak kan word nie. Die huidige leser sal Van Bruggen se boek dus met historiese bewustheid moet lees. Doen hy dit wel is daar veel waardevolle insigte uit hierdie kommentaar te put. 'n Besonder waardevolle aksent in die boek is die klem wat gelê word op die doksologiese karakter van die belydenis.

Die inhoud van hierdie publikasie het oorspronklik gedien as handleiding by die godsdiensonderrig aan Gereformeerde opvoedkundige inrigtings. Die publikasie was verder ook gerig op gebruik deur kerklike verenigings. Die boek is dus nie in die eerste instansie bedoel as bydrae tot die vakteologiese diskussie nie maar sal goeie diens kan lewer by Bybelkundekursusse sowel as by kerklike gespreksgroepe.

C.J.W.

---oOo---

* Goedgunstiglik deur die Verenigde Protestantse Uitgewers verskaf